

Sing vooraf staande: Psalm 23-2:3 (NB: p. 108)

- 3 U salf my hoof, U maak my hart blymoedig / en vul my beker met u heil oorfloedig.
U goedheid, so onfeilbaar en weldadig, / omring my op my lewenspad gestadig
totdat ek eenmaal in Gods heil'ge woning / die troue Herder ewig eer as Koning.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1, 7 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 7 Die Heer wat bo die wentelkringe / van son en maan sy rykstroon stig,
aanskou die mense en alle dinge – / daar's niks bedek voor sy gesig.
Uit sy vaste woning / waar Hy heers as Koning, / sien Hy, Skepper-Heer,
uit oneindig hoë / blou-deurglansde boë / op sy skepsel neer.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 48:4 (p. 245).

Wet

Psalm 48:4 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 24:4 (p. 112)

- 4 Verhoog, o poorte, nou die boog; / rys, ewige deure, rys omhoog,
want Hy klop aan, die Ereking! / Wie is die Vors, vol majesteit?
Die HEER, geweldig in die stryd – / dis Hy wat optrek na sy woning.

Skriflesing: 1 Samuel 8

Teks: 1 Samuel 8:7

**Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want
nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle
te wees nie. (1 Samuel 8:7 AFR1953)**

Hoe dikwels gebeur dit net nie! Dié ding dat ons die heerskappy van God oor ons verwerp en iets
anders aangryp.

Die volk Israel staan voor Samuel.

- Hulle versoek hom om 'n koning oor hulle aan te stel, soos wat daar oor die ander nasies is.
- Hulle motiveer ook die saak.

Die versoek is nie heeltemal ongegrond nie.

- Samuel het hulle goed regeer, maar hy het nou oud geword en hy kan nie meer sy werk behoorlik doen nie.
- Ons lees dat hy sy twee seuns, Joël en Abia, as rigters in Berseba aangestel het.

Die bedoeling was natuurlik dat hierdie twee seuns hom moes help om die volk te rig.

- Maar ons lees in die volgende vers dat hierdie twee seuns nie die regte pad bewandel het nie.
- Hulle het onregverdige maniere gebruik om wins te maak wat hulle nie toekom nie.
- Hulle het ook toegelaat dat mense hulle omkoop en die sake waarvoor hulle moes regspraak, verdraai het.

Nou lyk die saak sommer baie goed as ons dit van buite bekyk:

- Die mense wil 'n koning hê.
- Samuel is oud en dit raak tyd dat 'n bekwame jong man die regering by hom oorneem.
- Hulle doen ook die saak op 'n manier wat baie eerlik voorkom.
 - Hulle kom nie in opstand of breek in 'n revolusie uit nie.
 - Hulle versoek kom langs die wettige weg.

Die oudstes, dit wil sê die volksverteenvoerders, het 'n wettige vergadering gehou en by hierdie vergadering rig hulle die versoek.

- Hulle stel dit baie duidelik aan Samuel dat hulle gerig/regeer wil word.
- Hiermee bedoel hulle dat hulle wil hê dat daar nou iemand oor hulle moet regeer wat reg sal laat geskied oor hulle en nie meer mense wat in die naam van regeerders onreg oor hulle bedryf nie.
- Hulle versoek en bespreking op hierdie vergadering gaan ook nie by Samuel verby nie.
 - Hulle ken hom juis in die saak.
 - Hulle wil juis hê dat hy die koning oor hulle moet aanstel.

In vers 20 sê hulle ook vir Samuel dat hulle 'n koning wil hê om hulle aan te voer in oorlogstyd.

- Dit is ook 'n grondige rede.
- Dink maar daaraan hoe die Filistyne in hierdie tyd met die Israeliete gewerk het, byvoorbeeld toe die ark weggevoer is!

Maar agter al hierdie dinge wat goed en reg lyk, is daar tog baie wat verkeerd is!

- Dit is nie die rigterskap, met ander woorde die rigters, wat met die besondere genadegawes regeer het oor die volk, wat misluk nie.
- Die Here het ook maar net elke keer rigters geroep wanneer Israel as volk misluk het.

Dit is juis waar die fout lê.

- Die volk behoort teen hierdie tyd – met al die ervaring wat hulle al opgedoen het – te weet dat 'n koning oor hulle nie die oplossing sou wees nie.
- Die oplossing is 'n ware en persoonlike lewe met die HERE.
 - 'n Lewe waarin hulle onvoorwaardelik voor die wil van die Here moet buig.
 - 'n Lewe waarin hulle net die soewereiniteit van God erken.

Die volk moes dit al geleer het, want Samuel het hulle juis verlos deur hulle kragtig tot bekering te beweeg.

- Dit was so suksesvol om hulle tot God te bekeer dat hierdie oorwinning dwarsdeur Samuel se lewe stand gehou het.
- As bewys hiervan gaan hulle in 1 Samuel 7 en rig die klip by Ebenhaeser op en sê:
Tot hiertoe het die Here ons gehelp! (1 Samuel 7 AFR1953)

Dinge neem nou 'n wending: Die volk wil meteens 'n koning hê.

- Die verhouding met die Here word verbreek.
- Hulle gaan nou meteens op 'n baie onpersoonlike pad met die Here.

Hulle verwag nou hulle heil van 'n onpersoonlike regeringstruktuur.

- Dit beteken dat hulle dink dat hulle gered gaan word deur die feit dat hulle 'n koning het.
- Die bekwaamheid van die man wat gaan regeer is nog nie eers getoets nie, want dit gaan nie daarom nie.
- Hulle wil het hê dat daar oor Israel 'n koningskap ingestel moet word, soos wat die geval was by al die ander nasies van hulle tyd.

Hulle maak dus eintlik twee foute, en al twee teen die majesteit van die Here:

- Die eerste een is dit dat hulle nie meer persoonlike gemeenskap met die Here hulle God soek nie.
- Die tweede is ook dat hulle nie hierdie instelling van die koningskap as 'n verantwoordelike instelling uit die hand van God vra nie.

Ons kan hierdie saak baie reguit stel: dit is Godsverlating.

Dit is presies dieselfde as die bouers van die Babeltoring wat vir hulle heil gaan soek in die toring wat hulle bou.

- Hulle het ook gedink dat hulle so 'n magtige organisasie van eenheid kan opbou dat hulle eintlik in staat kan wees om daardeur die wil van God te ontvlug.

Regdeur die Bybel vra die Here dat Hy alleen vertrou moet word.

- Daarom beskou die Here hierdie versoek van Israel as afgodery.
- Die Here laat ons hier baie duidelik verstaan dat daar net een saak is wat ons tot redding is in die lewe:
 - Dit is 'n persoonlike verhouding met Hom.
 - 'n Verhouding waarin ons absoluut op Hom vertrou.

God leer ons in sy Woord dat enige iets of wyse waarop ons ons vertrou stel, anders as op God se absolute heerskappy, afgodery is. So staan daar in die Tien Gebooie geskryf:

Ek is die Here jou God . . .

- Onmiddellik daarna staan daar dat ons geen afgode mag hê nie.
- Dit beteken dat ons slegs en alleen op die Here moet vertrou in alle sake.
- Die oomblik wat ons ons vertrou van God afwend, daardie oomblik pleeg ons afgodery.

Dit is wat Israel hier doen met die versoek om 'n koning te hê soos al die ander nasies.

- Net soos Israel moet ons ook ons verlossing van God alleen verwag.
- Dit beteken dat ons ons verlossing in geestelike en materiële sake, in die tyd waarin ons leef en in die ewigheid hierna, van God moet verwag.
- Dit het vir Israel beteken dat hulle ook hulle regering van God moes verwag, en in hulle persoonlike godsdienstverhouding met God gelei en regeer sou moes word.

Hulle verkies regering buite die HERE om.

- Dit is dus inderwaarheid 'n oortreding van die eerste gebod.
- Dit is dan ook waarom die Here teruggaan na die tyd toe die Tien Gebooië gegee is. Hy sê: **. . . maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie. Soos al die werke wat hulle gedoen het, van die dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het – . . .** (1 Samuel 8:7-8 AFR1953)

Hierdie verkeerde gesindheid van die volk bewys dat hulle nie net hier 'n fout gemaak het nie, maar dat hulle hele lewenshouding so valslik ingestel was.

- Eintlik is hierdie afvallige houding nie net by Israel nie, maar by alle mense.
- So stel Adam en Eva hulle vertrouwe na die gesprek met die slang meteens op 'n vrug en nie meer op God nie.
- Hulle het ook die persoonlike uit die godsdiens uitgehaal.

Toe Israel dan die dag met hierdie versoek na Samuel toe gekom het, was hulle nie sonder 'n koning nie.

- Die Koning wat hulle as sy volk uitverkies het, was nog steeds hulle koning – die Here.
- Die feit dat die volk God se koningskap verwerp in ruil vir die koningskap van 'n aardse mens, beteken dat hulle ook hulle posisie as die uitverkore volk van God verwerp.
- Hiermee leer die Here ons duidelik dat die mens se redding nie geleë is in struktuurveranderinge nie. Dit is afgodery.

Op hierdie punt sondig ons baie.

- Hoe dikwels sien ons nie vir ons verlossing en 'n toekoms vir ons land in die veranderinge van die bestaande strukture nie.
 - Ons moet kerklike en politieke sisteme opbou om 'n landstoekoms te bou. Dit is dieselfde sonde as dié van Israel.
- God stel dit baie duidelik dat Hy regeer en dat die vertrouwe op Hom moet wees.
 - As ons dan ons kerklike en politieke strukture verander, moet dit nie wees omdat ons onself daarmee wil verlos nie.
 - Dit moet wees omdat God dit vra, anders is ons soos Israel oortreders van die eerste gebod.

Ons redding lê nie in aardse dinge nie. Dit lê nie op die vertrouwe wat ons op iets buite die hemel het nie. Dit is net by God te vinde.

Samuel praat ook met ons as hy die implikasies van 'n aardse koning vir hulle voorhou.

- Hy vertel dat hulle hulle identiteit gaan verloor – hulle gaan 'n onpersoonlike massa word.
- Hulle gaan die beskikkingsreg oor hulle kinders verloor.
- Hulle oeste en besittings sal hulle moet afstaan.
- Hy sê dat elkeen van hulle hulle vryheid gaan inboet en slawe van die koning gaan wees.

Samuel stel dit baie duidelik dat die mens en 'n volk nie sy redding in die owerheid as 'n abstrakte staatsmasjien moet soek nie.

Ons moet versigtig wees en dink voor ons praat.

- Hoeveel keer hoor ons nie in hierdie tyd van spanning die mense praat asof die regering God vervang het nie.
- U ken die Bybel en u weet dat hierdie klompie Israëliete se ideale verwagtings van hulle koning wreed ontnugter is.
- Dink maar aan die droewige geskiedenis van Saul, die eerste koning.

Maar ons maak hierdie fout met ons kerk ook.

- Baie van ons lewe asof ons redding van die struktuur van die kerk afhang.
- Dit is nie saligmakend om aan 'n kerk te behoort nie.

Daar moet 'n persoonlike band tussen jou en die Koning van die kerk wees.

- Ons Here Jesus Christus het die Koningskap kom vervul.
- Hy is nou die absolute Koning van die kerk en die wêreld.

Almal van ons moet in ons lewe getrou wees aan Hom.

- Hy is die Regeerder van die geskiedenis.
- Hy is die enigste Koning wat aan ons blywende verlossing kan gee – nie net in die ewigheid hierna nie, maar ook hier in die tyd en in die land waarin ons leef!

Hierdie Koning verwag van ons persoonlike hartediens. Hy verwag van ons verantwoordelike burgerskap.

- Ons moet dus daarteen waak dat ons nie aan die kerk behoort maar met ons verwagtinge buite die kerk nie.
- Ons moet ons kerklike burgerskap so beoefen dat die Drie-Enige God die Koning is – dat dit duidelik kan wees dat Hy verlossing skenk.

Moenie dat die nasies u verlei nie. Israel het **soos die nasies** God verwerp. Onthou tog dat die woord *nasies* in die Bybel eintlik *heidene* beteken!

Vertrou op die Here met geloof, en vaste aanbidding sodat sy liefde deel is van ons verlossing.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer; en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare, welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 24 Oktober 2010